

12 Julie - LEEF

Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6

Fokusgedeelte: Openbaring 3:1 (NAV)

Wat beteken dit om te lewe? Wanneer ons na die gemeente in Sardis kyk, merk ons dat hulle die naam het dat hulle lewe. Ander mense dink hulle lewe, maar Christus (Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het) sê dat hulle dood is.

Mense het gedink hierdie gemeente lewe: Hulle was 'n voorbeeld van lewe. Tog was hulle dood. Waarom was hulle dood? As gevolg van hulle verval in sonde! Hulle het aan die slaap geraak in hulle diens aan God.

Christus roep hulle tot bekering – *Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het.* Hulle het die evangelie ontvang, hulle het as 'n voorbeeld vir ander gelewe, en tog het hulle in die dood van die sonde verval. Christus roep hulle terug tot die lewe en bekering.

Om waarlik te lewe, beteken om gehoorsaam aan ons Vader te wees en te volhard in die geloof. Om nie net dinge te doen sodat dit gesien kan word nie, maar omdat ons dit vir God wil doen. God wil nie leë offers hê nie – Hy soek ons harte!

Christus gee ons die ware lewe deur sy oorwinning oor die sonde en die dood. Hy trek vir ons wit klere aan – Hy maak ons rein en regverdig voor ons Vader. Hy gee vir ons sy Gees om in ons te woon: om ons te lei, te troos en ons te wys wat die lewe wêrklik is.

Om te lewe, is nie om dinge te doen sodat mense dit sien nie. Om te lewe, is om jou alles vir God te gee: omdat jy uit dankbaarheid wil. Christus maak ons lewend uit die dood van die sonde!

Sing: Psalm 86:3 (1936-beryming)

Teol. Student Gerhard van Rhyn